**<u>IN DIE HOOGGEREGSHOF VAN SUID-AFRIKA</u>**
**(ORANJE VRYSTAATSE PROVINSIALE AFDELING)**

**Hersiening Nr. 167/2006**

In die hersiening van:

**<u>DIE STAAT</u>**

*versus*

**<u>PETRUS JOLIMVABA</u>**

---

| | |
|---|---|
| **<u>CORAM:</u>** | WRIGHT R *et* VAN ZYL R |
| **<u>UITSPRAAK DEUR:</u>** | WRIGHT R |
| **<u>GELEWER OP:</u>** | 16 MAART 2006 |

---

[1] Die beskuldigde, 'n 19-jarige man, is skuldig bevind aan diefstal van 2 houers reukweerder ter waarde van R37,98 en gevonnis tot een (1) jaar gevangenisstraf.

[2] Nadat redes vir vonnis versoek is, het die landdros addisionele redes verskaf tot dit wat reeds vermeld is in sy uitspraak vir vonnis. Die landdros het hoofsaaklik maar

aggeslaan op die lang reeks vorige veroordelings van die beskuldigde wat verskeie skuldigbevindings aan diefstal insluit en waarvoor hy relatief ligte vonnisse opgelê is, behalwe vir een vonnis van ses (6) maande gevangenisstraf. Dit is egter nie bekend wat die waarde van die gesteelde goedere is wat by die vonnisse betrokke is.

[3] Ek meen dat die waarde van die gesteelde items hier van deurslagggewende belang is en verwys in die verband na die saak van **S v MZAZI** 2006 (1) SASV 100 (OK).

[4] Ter versagting kan vermeld word dat die beskuldigde by sy suster bly en sukkel om werk te kry. Hy is ongetroud, maar het egter 'n vry-meisie. Verder is hy werkloos en word dit as rede vir die misdryf aangebied.

[5] Ek meen dat die vonnis sodanig onvanpas is dat daar ingemeng behoort te word in die lig van al die omstandighede van hierdie saak soos dit blyk uit die oorkonde en die landdros se redes en dat die onderstaande

vonnis gepas is in die lig van al die omstandighede.

[6] Bygevolg word die skuldigbevinding bekragtig maar die vonnis tersyde gestel en vervang met die volgende:

Ses (6) maande gevangenisstraf. Die vonnis moet geag word opgelê te gewees het op 26 Januarie 2006.

**G.F. WRIGHT, R**

Ek stem saam.

**C. VAN ZYL, R**

/sp